Ons vra al ons lidmate se ondersteuning

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

VRYDAGAAND
25 Januarie 2019

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel **Johan du Plessis** by die kerkkantoor
☎ **018 294 4600 of Pieter by ☎ 082 923 1384**
R 25 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

Die tafels is gedek en daar is koffie en tee in die saal.

Dit is 'n wonderlike geleentheid om gesellig te verkeer.

Ons vra dat nuwe lidmate ook kom om kennis te maak

Susters van wyke A5 en A6 versorg vandag die tee en koffie

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. **Melissa Kent** sal die foto's neem

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 35, nr 1 Sondag 13 Januaie 2019
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Hulpprediker: Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Flip Mostert** B6 **Gert van der Walt** C1, diakens wyke **B6 vakant en C1 Fanie Kruger.**
Teeskink na die erediens: Susters van wyke **A5** en **A6**. **Leana Mostert en Hanlie Jordaan**
Bussiediens: Vandag ry **Andries de Klerk** 084 440 661
Sondag **20 Januarie 2019** ry **Gert Kruger** 072 314 5534

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Beide dienste word gelei deur ds Ronald Bain

OGGEND
Skriflesing: 1 Korinthiërs 1:17-2:2 (1953 vertaling)
Fokusverse: 1:17,18,21
Tema: Die wysheid van God vernietig die dwaasheid van die wêreld.
Sing:
Ps. 118:1,12,14.
Ps. 86:2,5,6.
Ps. 33:5,6
Ps. 89:1,3,6.

AAND:
Skriflesing: Efesiërs 2:1-10
Dordtse Leerreëls 3&4:14
TEMA: Geloof is 'n genadegawe wat God aan sy die wedergeborenes gee
Ps. 135:1-3
Ps. 81:1,9,12
Ps. 47:1-4

Dagboek

13 Jan**: Katkisasie open vanoggend**

Telkommissie 1 in die kantoor.

14 Jan: **Bedienings-kommissie vergader**

25 Jan: **Gemeente-aand en hamburgerbraai**

LIEF EN LEED

Juré Smit is opgeneem in die hospitaal nadat daar bekommernis ontstaan het dat haar baba vroeg gebore kan word. Sy is 28 weke swanger. Mag die Here vir haar vashou in die tyd.
Elsie Buys is opgeneem in Unitas in Pretoria aangesien haar hart uit ritme gegaan het. Daar is ander komplikasies ook. Ons dink aan haar in ons gebede.
Elizna Mulder se oupa is onlangs oorlede. Mag die Here vir haar en al haar mense in die tyd naby wees.
Sr Nakkie Venter (Huis Anna Viljoen) is nog in die Netcare hospitaal in Kaapstad nadat haar regterbeen geamputeer is. Ons dink steeds aan haar in ons gebede.
Sr Mari Stols van Huis Eikelaan kan weens Osteoperose en Artritis nie meer selfstandig beweeg nie. Sy is tans by haar kinders in die Vrystaat. Ons bid haar krag en sterkte toe.

OORLEDE
Gedurende die afgelope vakansie is **Chris van Vuuren** van Huis Eikelaan Versorging oorlede.
Hansie van der Westhuizen van Huis Eikelaan Versorging is ook in hierdie tyd oorlede.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By deure vanoggend vir **Emeritaatsversorging.**
Die kollektes in die aande in die banke en by deure gedurende die vakansie is vir die Gereformeerde Kerk Cachet.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **GKSA Sustentasiefonds.**

KATEGESE
Katkisasie begin weer vir hierdie jaar. Ons herinner al ons ouers en katkisante om na die diens hier in die kerkgebou bymekaar te kom.
Maandag lees *Laat my lammers wei.* Hoofstuk 65
Woensdag se katkisasie Graad 8 – 11 om 14:15.
Volgende Sondag moet julle **Les 1** en **Psalm 45: 16** leer.

BYBELSTUDIES
Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:
Ons Bybelstudies hervat weer vanaf 22 Januarie 2019 vir die komende jaar.
Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.

VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende hierdie week verjaar, baie geluk met hulle verjaardae:

13 Jan **Adriaan Juyn,** Reitzstraat 19, ☎ 079 343 4583 Wyk D1
Carien van Biljon, Villa Seville 11, ☎ 079 176 7626 Wyk D2
Retha van Biljon, Villa Seville 11, ☎ 079 781 7562 Wyk D2
17 Jan **Banie Nortjé,** Eleazerstraat 31, ☎ 072 874 0351 Wyk E4

VAN ONS DIAKONIE

Die kollekte vir **Barmhartigheid** van Sondag 6 Januarie 2019 was R 3 540 en die kollekte ten bate van ons Jeug was R 1 880.
Inkomste en uitgawes vir Desember 2018.
Inkomste in Desember 2018 was R 31 530.
Die **Uitgawes** was R 29 238.
Ons batige saldo vir Desember is R 29 169.
Baie dankie vir die mildelike bydrae ook in die vakansietyd. In besonder ook vir al die lidmate wat regstreeks op die Diakonie se rekening hulle bydrae inbetaal.
Ons kan net dankie sê dat die Here ook op so 'n manier in ons harte werk.

DIAKONIE SE KOSKAS
Baie dankie aan elkeen vir julle sakkies met nie-bederfbare produkte wat elke Sondag in die krat in die saal verskyn.
Ons het tans baie gewone tee, maar die rooibostee, koffie en suiker is gedaan. (verkieslik 1kg pakkies).
Die ontbytpap se plekkie is leeg. Daar is nog een pak rys en die pasta is reeds weg. 'n Blikkie of twee met tamatie en uie, pit-of soetmielies sal waardeer word. Ons het nog steeds baie konfyt. Skoonmaakmiddels is altyd nodig.